

## **NETTIE IMMELMAN GEDENKKONSERT**

**met Grethe Nöthling (klavier)**

**12 Mei 2016**

**Odeion**

**19:30**

Die legendariese klavieronderwyser, Nettie Immelman, is in 2011 oorlede en die Odeion Skool vir Musiek het in 2012 die eerste gedenkkonsert ter ere van haar aangebied. Ter herdenking van vyf jaar sedert me. Immelman se afsterwe, is die nuwe klaviersdosent aan die OSM, Grethe Nöthling, gevra om 'n klavieruitvoering te gee.

Grethe Nöthling se musikale loopbaan begin op vyfjarige ouderdom en sy maak reeds op sewejarige ouderdom haar debuut as solis saam met die Johannesburgse Simfonie-orke. Sy wen verskeie nasionale kompetisies, toekennings en beurse insluitende die Sanlam Musiekkompetisie (1994), ABSA Nasionale Musiekkompetisie (klavierkategorie, 1998), ATKV Prelude Kompetisie (2000), Hennie Joubert Nasionale Klavierkompetisie (2000), Lionel Bowman Beethoven Kompetisie (2001) en die UNISA Oorsese Studiebeurs vir Onderwysers (2003).

Sy tree tussen 1989 en 2005 op as solis saam vooraanstaande orkeste in SA soos onder andere die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, KwaZulu-Natal Filharmoniese Orkes en die Kamerorke van Suid-Afrika.

Tussen 2001 en 2004 voltooi sy haar BMus-graad (cum laude) aan die Universiteit van Pretoria onder leermeesters Ella Fourie en Joseph Stanford en sit in 2006 haar studies oorsee voort. Sy voltooi haar Meestersgraad by die *Cleveland Institute of Music* (2008) en 'n *Doctorate of Musical Arts* in 2014 by die *University of Iowa* (VSA). Haar leermeesters het Daniel Shapiro (CIM), Paul Schenly (CIM) en Uriel Tsachor (Ulowa) ingesluit. Sy ontvang ook meesterklasse van bekende klavierpedagoë insluitende Andrzej Jasiński, Lionel Bowman, Frank Heneghan, Joseph Banowetz, Adam Wodnicki, Eric Larsen, Enrico Elisi, Rebecca Penneys, Christopher Harding en Sean Duggan.

Gedurende haar studies by die *University of Iowa* is sy vir drie jaar as doseer-assistant aangestel. Sy was ook pianis vir die *University of Iowa se New Music Ensemble* (2012), wat deur komposisieprofessor, David Gompper, gelei word.

Grethe is ook 'n ywerige kamermusikus en het opgetree saam met gaskunstenaars en lede van die *University of Iowa*, insluitende Nicole Esposito, Anthony Arnone, Melissa Kraut, Larry Stomberg en Sarah Frisof.

In 2015 keer sy terug na Suid-Afrika en is sedert die begin van 2016 hoof klaviersdosent by die OSM.

### **PROGRAM**

Beethoven-Liszt: *An die ferne Geliebte*

Beethoven: Klaviersonate No. 17 in d mineur, Op. 31 No. 2

Schumann: Fantasie in C majeur, Op. 17

### **TOEGANG**

GRATIS

### **NAVRAE**

Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)

\*\*\*\*\*

## **NETTIE IMMELMAN MEMORIAL CONCERT**

**with Grethe Nöthling (piano)**

**12 May 2016**

**Odeion**

**19:30**

Legendary piano teacher, Nettie Immelman, passed away in 2011. The Odeion School of Music presented the first memorial concert in her honour during 2012. In commemorating five years since her passing, the newly appointed piano lecturer of the Odeion School of Music has been requested to present a piano recital.

**Grethe Nöthling** started her musical career at age five. At age seven she made her musical debut performing as soloist with the Johannesburg Symphony Orchestra. She won several national music competitions, awards and bursaries including the Sanlam Music Competition (1994), Absa National Music Competition (Piano Category: 1998), ATKV Prelude Competition (2000), Hennie Joubert National Piano Competition (2000), Lionel Bowman Beethoven Competition (2001) and UNISA overseas scholarship for Teachers (2003).

She has been a soloist with major orchestras in the country between 1989 and 2005 including the Cape Town Philharmonic, Kwa-Zulu Natal Philharmonic and the Chamber Orchestra of South Africa.

Between 2001 and 2004 she completed her Bachelors of Music (cum laude) at the University of Pretoria under Ella Fourie and Joseph Stanford. In 2006 she continued her studies abroad. She completed her Master's of Music at the Cleveland Institute of Music (2008) and Doctorate of Musical Arts (2014) at the University of Iowa (USA). Her teachers included Daniel Shapiro (CIM), Paul Schenly (CIM) and Uriel Tsachor (Ulowa). In addition, she has received masterclasses from well-known piano pedagogues including Andrzej Jasiński, Lionel Bowman, Frank Heneghan, Joseph Banowetz, Adam Wodnicki, Eric Larsen, Enrico Elisi, Rebecca Penneys, Christopher Harding and Sean Duggan.

During her studies at the University of Iowa she was appointed as teaching assistant for three years. In addition, she was the pianist for the University of Iowa's New Music Ensemble during 2012, directed by composition professor David Gompper at the UI.

Grethe is also an avid chamber musician and has performed with guest artists and faculty members of the University of Iowa, including Nicole Esposito, Anthony Arnone, Melissa Kraut, Larry Stomberg and Sarah Frisof.

In 2015 she returned to South Africa and has recently been appointed as principal piano lecturer at the Odeion School of Music.

### **PROGRAMME**

Beethoven-Liszt: *An die ferne Geliebte*

Beethoven: Piano Sonata No. 17 in D minor, Op. 31 No. 2

Schumann: Fantasy in C major, Op. 17

### **ADMISSION**

FREE

### **ENQUIRIES**

Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)